PNHS

VOOR IN DIE WAPAD BRAND 'N LIG

# HOËRSKOOL PRETORIA-NOORD

PRIVAATSAK X05
PRETORIA-NOORD
0116
E-pos: administrasie@pnhs.co.za

H/V BERGLAAN EN EEUFEESSTRAAT
PRETORIA-NOORD
TEL: (012) 546-6590
FAKS: (012) 546-9463

31 Augustus 2026

**OB: 29 / 2026**

**Geagte ouers**

## 1. Krieket:

29 Augustus: PNHS 1 v/s Sutherland. Sutherland kolf eerste en behaal 173/9. Goeie boulwerk van Mark Gorman met 6 paaltjies vir 14 lopies in 6 beurte (goue balkie) en JP Thomas met 2 paaltjies vir 14 lopies in 3 beurte (brons balkie). Charl Otto neem ook twee mooi vangskote (brons balkie). PNHS volg op met 174/5 in 28 beurte. Goeie kolfwerk van Charl Otto met 28 lopies van 17 balle, Mark Gorman met 19 lopies van 24 balle en JP Thomas met 46 lopies van 38 balle (silwer balkie). PNHS wen met 5 paaltjies.

## 2. Sagtebal

### 2.1 Dogters Sagtebal: Liga 6: PNHS v/s Midstream, 28 Augustus 2026, weg

| **Dogters** | 0/14 **B** | 0/14 B | 0/15 **B** | 0/15 B | 0/15 A | 0/15 B | 0/16 **B** | 0/16 B | 0/19 **B** | 0/19 A | 0/19 **B** | 0/19 B |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Skool | **PN** | MS | **PN** | MS | | | **PN** | MS | | | **PN** | MS |
| Uitslag | **9** | 7 | **8** | 12 | | | **12** | 6 | | | **5** | 6 |
| Uitslae tot dusver | | | | | | | | | | | | |
| Gewen | **2** | | **1** | | | | **3** | | **2** | | **4** | |
| Gelykop | **0** | | **0** | | | | **0** | | **0** | | **0** | |
| Verloor | **2** | | **2** | | | | **1** | | **2** | | **1** | |

### 2.2 Dogters Sagtebal Liga 5: PNHS v/s Wilgers, 29 Augustus 2026, tuis

| **Dogters** | 0/14 A | 0/14 A | 0/15 A | 0/15 A | 0/16 A | 0/16 A | 0/19 A | 0/19 A | O/19 B | O/19 B |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Skool | | | **PN** | WL | **PN** | WL | **PN** | WL | **PN** | WL |
| Uitslag | | | **10** | 3 | **10** | 3 | **13** | 0 | **1** | 13 |
| Uitslae tot dusver | | | | | | | | | | |
| Gewen | **1** | | **2** | | **2** | | **4** | | 4 | |
| Gelykop | **0** | | **0** | | **1** | | **0** | | 0 | |
| Verloor | **3** | | **3** | | **1** | | **0** | | 2 | |

## Rugby

### 3.1 Rugby: Sewes Wilgers Toernooi, 28 & 29 Augustus 2026

| | 0/15A | 0/15A | 0/15/A | 0/15A | 0/15/A | 0/15A | 0/15A | 0/15A | 0/15A | 0/15A |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | **Bowl Semi-Finaal** | | **Bowl Finaal** | |
| Skool | **PN** | FH | **PN** | WB | **PN** | CS | **PN** | CS | **PN** | Er |
| Uitslag | **34** | 0 | **26** | 14 | **5** | 14 | **38** | 5 | **33** | 7 |
| Uitslae tot dusver | | | | | | | | | | |
| Gewen | **4** | | **5** | | **5** | | **6** | | **7** | |
| Gelykop | **1** | | **1** | | **1** | | **1** | | **1** | |
| Verloor | **1** | | **1** | | **2** | | **2** | | **2** | |

FH = FH Odendaal / WB = Wonderboom / Er = Erasmus / CS = Centurion Secondary

**Baie geluk aan ons 0/15's wat die Bowl wenners was!**

| | 0/17A | 0/17A | 0/17/A | 0/17A | 0/17/A | 0/17A | 0/17A | 0/17A | 0/17A | 0/17A |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Skool | **PN** | CS | **PN** | JV | **PN** | RH | **PN** | CH | **PN** | WB |
| | | | | | | | | | **Beker Semi - Finaal** | |
| Uitslag | **45** | 5 | **21** | 7 | **43** | 0 | **42** | 0 | 14 | 10 |
| Uitslae tot dusver | | | | | | | | | | |
| Gewen | **4** | | **5** | | **6** | | **7** | | **8** | |
| Gelykop | **1** | | **1** | | **1** | | **1** | | **1** | |
| Verloor | **2** | | **2** | | **2** | | **2** | | **2** | |

| | 0/17A | 0/17A | 0/17/A | 0/17A | 0/17/A | 0/17A | 0/17A | 0/17A | 0/17A | 0/17A |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Skool | **PN** | | **PN** | | **PN** | | **PN** | | **PN** | Wilg |
| | | | | | | | | | **Beker Finaal** | |
| Uitslag | | | | | | | | | 41 | 7 |
| Uitslae tot dusver | | | | | | | | | | |
| Gewen | | | | | | | | | **9** | |
| Gelykop | | | | | | | | | **1** | |
| Verloor | | | | | | | | | **2** | |

JV = HTS John Vorster / Wilg = Wilgers / WB = Wonderboom / CS = Centurion Secondary / CH = Curro Hazeldean / RH = Radfort House

**Baie geluk aan ons 0/17 wat Toernooi wenners was!**

## 4. FAK Internasionale Geskiedenis-olimpiade

Ons PNHS-leerders vier nie net hul kultuur en erfenis nie, maar dra ook met trots die naam van Hoërskool Pretoria-Noord uit. Ons is besonder trots op drie van ons leerders wat tot die tweede rondte deurgedring het en uitstekende prestasies behaal het:

Nicola du Plessis – 2de plek behaal in Graad 10
Allan Ribeiro – 3de plek behaal in Graad 11

'n Besondere gelukwensing aan Raynard Bosman wat aangewys is as die provinsiale wenner vir Graad 11!

## 5. Inskrywings Graad 8 vir 2027

Neem asseblief kennis dat die Gauteng Departement van Onderwys aangekondig het dat die aanlyn aansoek proses vanaf **Woensdag, 5 Augustus 2026 tot Vrydag, 4 September 2026** sal wees. Daar sal slegs 1 fase wees.

Sedert 2017 word slegs aanlynaansoeke aanvaar. U kan vanaf **Woensdag, 5 Augustus 2026 om 08:00** aansoek doen by www.gdeadmissions.gov.za en u sal 'n waglys- / verwysingsnommer ontvang, bewaar dit asseblief. Om u aansoek te verifieer het u 7 dae, nádat aanlyn aansoek gedoen is, om die volgende dokumentasie by die skool in te dien, of u kan dit tydens die aanlyn aansoek elektronies aanheg:

- GESERTIFISEERDE geboortesertifikaat van leerder
- GESERTIFISEERDE bewys van u fisiese woonadres:
  Huiseienaars – Munisipale rekening van nie ouer as 3 maande nie in die naam van die ouer met die volle residensiële adres.
  Huurders – moet al die volgende dokumente nie ouer as 3 maande nie voorlê:
  1. Munisipale rekening in die naam van die verhuurder met die volle resedensiële adres.
  2. Huurkontrak (kan ouer as 3 maande wees) geteken deur huurder en verhuurder met die volle residensiële adres. (Belangrik die huur periode op die huurkontrak moet nog steeds geldig wees op die datum wanneer u aanlyn aansoek doen)
  3. 'n Kwitansie vir betaling van huurgeld metvole residensiële adres.
  4. Staat van enige rekening in die naam van die aansoeker met die volle residensiële adres op.
- GESERTIFISEERDE laerskoolrapport (nuutste) van u kind
- GESERTIFISEERDE afskrifte van ouers/voogde se ID-dokumente

Neem asseblief kennis dat die volgende voorkeur orde gebruik word deur die Departement van Onderwys vir plasing:
1ste voorkeur: Skool is binne die voedingsarea vanaf fisiese woonadres (naaste na verste)
2de voorkeur: Broer of suster tans in H/S Pretoria-Noord
3de voorkeur: Skool is binne die voedingsarea vanaf ouer se werksadres
4de voorkeur: Skool is binne 'n radius van 30km vanaf die fisiese woonadres
5de voorkeur: Skool is buite 'n radius van 30km vanaf die fisiese woonadres
Ons administratiewe dames is elke dag tydens skoolure 07H00 – 14H00 beskikbaar om u behulpsaam te wees. Enige navrae kan ook gerig word by 012 546 6950 of by pahoof@pnhs.co.za.

Baie sterkte met die inskrywingsproses.

## 6. Merietefunksie 2026

**Alle leerders wat trofee verower het gedurende die 2025 Merietefunksie word versoek om hierdie trofee voor of op 22 September 2026 by Mev. Du Plessis in K 73 in te handig.**

## 7. Program vir die week

| | | |
|---|---|---|
| Maandag, 31 Augustus: | * | **Graad 8 – 11, dag 5.** |
| | * | **Graad 12 rekordeksamen.** |
| | * | Detensie 14H15 – 16H15. |
| | * | Krieket: PNHS 2 v/s Wagpos, 14H30, tuis. |
| | * | Gholf: PNHS 1 v/s Afrikaans Hoër Seuns, 14H30, tuis |
| | | Gholf: PNHS 2 en 3 v/s Hartbeespoort, 14H30, tuis. |
| | * | Netbal: Fast Five Oos-Moot, 13:15 (weg) |
| Dinsdag, 1 September: | * | **Graad 8 – 11, dag 6** |
| | * | **Graad 12 rekordeksamen.** |
| | * | **Toetsperiode** |
| | * | Krieket: PNHS 0/14A v/s HS Wagpos 0/14A, 14H30 tuis. |
| | * | Tennis:Dogters A v/s Eduplex, 14H00, weg. |
| | | Dogters B v/s Akasia, 14H00, tuis. |
| Woensdag: 2 September: | * | **Graad 8 – 12, dag 1.** |
| | * | **Graad 12 rekordeksamen.** |

| | | |
|---|---|---|
| | * | **Toetsperiode** |
| | * | Adisionele Akademiese uur graad 8-11, 14H15 – 15H15. |
| | * | Sagtebal proewe rondte 2: seuns, 14H30, tuis. |
| | * | Finansiële Komitee vergadering, 17H00, Konferensiekamer. |
| | * | Uitvoerende Komitee vergadering, 19H00, Konferensiekamer. |
| Donderdag, 3 September: | * | **Graad 8 – 11, dag 2.** |
| | * | **Graad 12 rekordeksamen.** |
| | * | PN-Raadkamp vertrek 14H00. |
| | * | Krieket: PNHS O/15 vs H/S Hammanskraal, tuis |
| Vrydag, 4 September: | * | **Graad 8 – 11, dag 3.** |
| | * | **Graad 12 rekordeksamen.** |
| | * | Revue 8 Beats (Gold Reef City), 12H00. |
| | * | PN-Raadkamp |
| | * | Rugby: 7's, 14H30, 0/15, Sutherland.<br>7's, 14H30, 0/17, Eldoraigne. |
| | * | Sagtebal: Dogters o/14A vs Wilgers, weg. |
| Saterdag, 5 September: | * | PN-Raadkamp |
| | * | Rugby: 7's, 09H00, 0/15, Sutherland.<br>7's, 09H00, 0/17, Eldoraigne. |
| | * | Gasvryheidstudies: Gr.10 Restaurantoggend, 10H30 |
| Maandag, 7 September: | * | **Graad 8 – 11, dag 4.** |
| | * | **Graad 12 rekordeksamen.** |
| | * | Detensie 14H15 – 16H15. |
| | * | Krieket: PNHS 2 v/s John Vorster 2, 14H30, weg. |
| | * | Krieket: PNHS O/14 vs Wonderboom, 14H30, tuis. |
| | * | Sagtebal: Dogters O/16 + O/19 A & B-spanne v/s Zwartkop, 14H30, tuis. |

Vriendelike Groete


J. Erasmus

CB Erasmus
Adjunkhoof

VIR **MATRIKULANTE, GEGRADUEERDES, INTERNS, STUDENTE** EN **JUNIOR** WERKSOEKERS.

method X

# LOOPBAANGEREEDHEIDS PROGRAM



**MATRIKULANTE** | **GEGRADUEERDES** | **INTERNS** | **STUDENTE** | **JUNIOR WERKSOEKERS**

Om skool te verlaat is opwindend, maar jou eerste CV, jou eerste aansoek en jou eerste onderhoud kan oorweldigend wees.

**methodX.uk** help Graad 12 leerders en gegradueerdes om voor te berei vir die oorgang van skool na hul volgende geleentheid.

**Berei vir jou eerste werk, beurse, leergeleenthede (learnerships) en jong volwassenes.**

Help jou leerder om hul volgende stap ingelig en goed voorbereid te neem.
**Skryf vandag in.**

**BOU 'N PROFESSIONELE CV**
Maak van jou CV 'n sterk, moderne dokument.

**BEREI VOOR VIR ONDERHOUDS**
Leer hoe om onderhoudsvrae selfversekerd te beantwoord.

**VERBETER JOU WERKPLEKVAARDIGHEDE**
Ontwikkel die vaardighede wat werkgewers waardeer.

**VERDIEN 'N SERTIFIKAAT**
Bewys jou kennis en verhoog jou kanse.

**SKRYF VANDAG IN:**

CV BOUER VANAF
**R260**
EENMALIGE FOOI

OF

CV EN ONDERHOUD-OPLEIDINGSMODULES VANAF
**R300**
EENMALIGE FOOI

BESOEK:
**www.methodx.uk**
VIR MEER INLIGTING.

PROFESSIONELE CV'S | ONDERHOUD-VOORBEREIDING | WERKPLEK-VAARDIGHEDE | SERTIFIKAAT VAN VOLTOOIING